# DIE PARTHENOGENESIS IN DIE APOSTOLICUM EN DIE SYMBOLUM NICENO-CONSTANTINOPOLITANUM

Deur DR. P. J. THEO KOEKEMOER

**TER INLEIDING:**[1]

Die volgende vrae is van belang: (1) Waarom het die eerste Christene dan formules nodig gehad om die geloof wat hulle bely, saam te vat, en watter omstandighede het die noodwendigheid van die bestaan van die simbole veroorsaak? (2) Wat is die bestanddele van die eerste formules en hoe ontwikkel dit in die vroeg Christelike era? (3) Wat is die wesenlike inhoud van die Christelike geloof volgens die eerste formules?

By nadere ondersoek blyk dit dat die omstandighede wat saamgeloop het tot die noodwendigheid van 'n geloofsreël konsentreer rondom vyf punte[2]):

1. **Doop en Kategisasie:** Een van die oudste belydenisse by die doop vind ons in Hand. 8:36-38. Hier is dit duidelik 'n doopsliturgie. Vergelyk verder I Pet. 3:18-22[3]).

2. **Prediking en Liturgie:** Vergelyk Fil. 2:6-11. Dit is 'n hymne, 'n „Christelike psalm", 'n belydenis van Christus. Verder: I Kor. 15:3-7.

3. **Ekshorsisme:** Die belydenis van die naam van Jesus word uitgespreek, sê Justinus, om die daemone te verdryf en te onderwerp in die naam van die Seun van God, die eersgeborene van alle kreature, **wie gebore is uit 'n maagd** en gemaak is tot 'n lydende mens, gekruisig onder Pontius Pilatus en opgevaar het na die hemel . . . " (Dial. 85, 2)[4]). Die oorwinning van Christus oor die magte en duiwels behoort tot die allereerste belydenisse, ongeveer 150 n.C.[5]). Hy is immers die „Heer van die Kragte" (Dial. 85, 1). Hier word dus deur **Justinus,** wat in ongeveer 150 n.C. skrywe, die maagdelike geboorte uitdruklik gekonstateer as een van die elemente van oud-Christelike belydenis.

4. **Christenvervolging:** In die Nuwe Testament en oer-Christelike literatuur hang die woorde **homologeō martureō** saam met

---

[1]) Aangesien die dogmenhistoriese situasie rondom die **Symbolum Quicunque** heeltemal verander het en dit eerstens die belydenis van Nicea tot Chalcedon (451) handhaaf, en tweedens met die presisering van heel ander aspekte van die kerklike belydenis besig is, laat ons dit hier buite bespreking.

[2]) **Oscar Cullmann: „Die Eersten christlichen Glaubensbekenntnisse"** in die serie **„Theologische Studien"** No. 15, Zürich 1943, bls. 13 v.v.

[3]) **Th. Zahn: „Das Apostolische Symbolum"** 1893 aangehaal deur **P. Feine:** „Die Gestalt des Apostolischen Glaubensbekenntnisses in der Zeit des N.T.", Leipzig 1925, verwys na I Tim. 6:12.

[4]) Gesiteer deur **O. Cullmann:** a.w., bls. 18.

[5]) **Oscar Cullmann:** a.w., bls. 19.

die vervolgings en staan in verband met die martyrium, vergelyk I Tim. 6:13. Dit is moontlik dat die **kurios Christos** in die simbool opgeneem is in die tyd van die Romeinse eis van die **„kurios kaisar"** aan die onderdane.

5. **Polemiek teen ketterye:** Die stryd teen dwalinge is bekend in die Nuwe Testament.

Bogenoemde werp lig op die „Sitz im Leben" van die „simbole" in die oer-Christelike gemeente[6]). Hier word oorwegend die **Christologiese** formule ontvou. Drieledige formules verskyn ongeveer 150 n.C. Vergelyk **Irenaeus adv. Haer. 1, 10, 1** „. . . die geloof aan een God, die almagtige Vader, die skepper van hemel, aarde, die see en alles wat daarin is; en aan een Christus Jesus, die Seun van God, wie vlees geword het ter wille van ons heil, en aan die Heilige Gees, wat deur die profete die heilsplan en die koms (van Christus) openbaar het, asook **die maagdelike geboorte,** die lyding, die opstanding van die dode, die liggaamlike hemelvaart van die geliefde Jesus, onse Heer, en sy wederkoms uit die hemel in die heerlikheid van die vader tot wederherstelling van alle dinge, tot opstanding van alle vlees van die ganse mensheid . . . en tot die regverdige gerig van almal".

**Die bestanddele van die eerste formules** van die belydenisse toon 'n verskeidenheid van trinitariese naas binitariese konstruksies. Die oorspronklike, mees verbreide belydenis is egter die suiwer christologiese formules, vergelyk I Kor. 12:3; I Joh. 4:21; Heb. 4:14 en andere: **Bestanddeel van hierdie eerste belydenisse by Ignatius en Irenaeus is ook die maagdelike geboorte**[7]).

Die **wesenlike inhoud** van die Christelike geloof, die kerugma, volgens die eerste belydenisse, is die geloof in Christus; deur Christus tot God, streng Christosentries. Christus is die Middelaar, en sy persoon staan sentraal in hierdie geloof[8]), soas dit uit ons volgende ondersoek sal blyk.

## 1. DIE APOSTOLICUM:

### A. Is die ou Romeinse Simbool (R) van apostoliese herkoms?

Die **Apostolicum,** wat in sy huidige gestalte teruggaan tot in die 5de eeu, is 'n uitbreiding van die **ou Romeinse simbool (R),** wat vroeg in die derde eeu in gebruik was. Hierdie ou R. simbool, ook gebruik by die doop, het in 'n aantal tekste bewaar gebly sodat ons sy inhoud met redelike sekerheid kan vasstel[9]). Vir

---

[6]) **P. Feine:** Die Gestalt des Apostolischen Glaubensbekenntnisses in der Zeit des N.T., Leipzig, 1925, bls. 41.
[7]) **Oscar Cullman:** a.w., bls. 33.
[8]) **Oscar Cullman:** a.w., bls. 45.
[9]) **P. Feine: Die Gestalt des Apostolischen Glaubensbekenntnisses in der Zeit des Neuen Testaments.** Leipzig 1925, bls. 5. Vgl. ook: **Philip Schaff:** The Creeds of Christendom with history and critical notes. Vol. 1. 6th Ed. 1931, p. 14-23. Harper and Brothers, Publishers. New York and London.

die Griekse teks het ons die beste oorlewering in die **„Psalterium Aethelstani"**. Ten opsigte van die maagdelike geboorte lui dit: ton gennethenta ek pneumatos hagiou kai Marias tēs parthenoe.

In die Latynse teks volgens Rufinus (forma Romana) lui die belydenis: **„qui natus est de Spiritu Sancto ex Maria Virgine."**

Aan die ou middeleeuse legende waarvolgens elke apostel op pinksterdag elkeen van die twaalf artikels uitgespreek het, en waarvolgens Jakobus die derde artikel „wie ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria" bely het, word geen historiese waarde toegeken nie[10]). Hierdie legende is egter 'n bewys van die hoë agting wat die simbool in die kerk gehad het: omdat die **apostels** dit uitgespreek het, mag geen verandering daaraan gemaak word nie. Ambrosius skryf in die **„Explanatio symboli ad initiados"**: „Van die geskrifte van 'n apostel mag niks weggeneem word, niks toegevoeg word nie"[11]).

Beskouings oor die ontstaan van die **ou Romeinse simbool** loop uiteen. Met die uitbreek van die „Apostolicumstryd" teen die einde van die vorige eeu het talle geskrifte met uiteenlopende positiewe en negatiewe resultate die lig gesien. Harnack meen dat genoemde simbool op grond van die doopformule ontwikkel het, asook onder invloed van Oosterse belydenisformules en die invloed van Nuwe Testamentiese geskrifte. Hy dateer die ontstaan van die simbool teen die helfte van die tweede eeu, 140-150 n.C., hoogwaarskynlik in Rome[12]). Andere soos **Caspari, Zahn** en **Loofs** is die mening toegedaan dat teen die helfte van die tweede eeu 'n Klein-Asiatiese simbool bestaan het waarvan die ou-Romeinse simbool 'n dogter of 'n suster is[13]).

In die R. simbool lui die huidige artikel van die **Apostolicum: Qui natus est de Spiritu Sancto ex (of:et) Maria virgine**[14]). Die ge-aksepteerde vorm soos ons dit **vandag** het, lui: **Qui conceptus est de Spiritu Sancto, natus ex Maria virgine.** Die onderskeid tussen „konsepsie" en „geboorte" vind **Schaff** vir die eerste keer in die **Sermones de Tempore** waarvan ten onregte Augustinus as outeur genoem word[15]). Op hierdie verskil gaan ons hier nie in nie, aangesien dit met die eerste opslag reeds duidelik is, dat die **geboorte uit 'n maagd** in elk geval geleer word.

---

10) **Ph. Schaff**: The Creeds. Vol. 1, p. 22, 23.
11) Sitaat deur **P. Feine**: a.w., bls. 7, uit **Migne**: **Patrologia Latina**, deel XVII, bls. 1158.
12) **A. von Harnack**: Art. „Apostolische Symbolum" in Realencycl. für protest. Theol. und Kirche, Herzog-Hauck, 3de druk, I, bls. 741-755, gesiteer deur **P. Feine**, a.w., bls. 9. Vgl. ook sy **„Lehrbuch der Dogmengeschichte"**, deel 1, bls. 177.
13) **P. Feine**: a.w., bls. 9.
14) **Ph. Schaff**: a.w., vol. 1, bls. 21.
15) **Ph. Schaff**: a.w., vol. 1, bls. 21.

Ons moet tans vra na die eintlike bedoeling van die „. . . **ex Maria virgine**" in die simbool.

B. **Wat bedoel die Apostolicum met die leer van die „. . . natus ex Maria virgine"?**

Ons het reeds heengewys na die polemiek teen ketterye. Patrologiese gegewens laat ons vermoed dat die **realiteit** van die „menslike natuur" van Jesus Christus hier duidelik bely word teen die kettery van **docetisme,** waarteen reeds die Johannesbriewe (vgl. 1 Joh. 4:2) polemiseer. Ons sal tans 'n paar voorbeelde ter illustrasie aanhaal:

(a) **Ignatius, biskop van Antiochieë,** ongeveer 113 n.C., skryf sewe briewe aan die sewe gemeentes waarin hy verskillende kere oor die maagdelike geboorte spreek. Dit is vir hom een van die **„misteries"** van God en 'n **deel van die feite in verband met die lewe van Jesus Christus.** Harnack sê dan ook dat Ignatius 'n kerugma weergee waarin **inter alia** die maagdelike geboorte vervat is[16]).

Ignatius se briewe spreek egter nie alleen van 'n positiewe belydenis van eie geloof nie, maar is telkens positiewe belydenis **teenoor** 'n ander leer, 'n dwaalleer. Ons vergelyk die volgende:

**Ad Trall. 9:**

„Uit die geslag van Dawid, uit Maria, wat **werklik** gebore is, geëet en gedrink het, **werklik** gely het onder Pontius Pilatus, **werklik** gekruisig is en gesterf het . . . " (Grieks: **alethōs).**

**Ad Smyrna I, 1:**

„Hy is **werklik** uit die geslag van Dawid na die vlees, Seun van God deur die wil en krag, hy is **werklik** gebore uit (die) maagd, is gedoop deur Johannes, sodat alle geregtigheid deur Hom **vervul** sou word." (Grieks **„alethōs".)**

**Ad Eph. 18:2 tot 19:1:**

„Want onse God, Jesus Christus is ontvange deur Maria deur die heilsplan (van God) uit die geslag (saad) van Dawid en die Heilige Gees, wat gebore is en gedoop is . . . en die **maagdelikheid van Maria** en haar geboorteskenking aan 'n kind, was verborge vir die heerser van hierdie eeu, net sowel as die dood van die Heer. Want daar is drie luide misteries wat in die stilte van God daargestel is."

**Ad Eph. 7:2:**

„Daar is een geneesheer, vleeslik en geestelik, gebore en ongebore, God in mens, ware lewe in die dood, sowel uit Maria as uit God."

---

16) A. von Harnack: Art. „Apostolische Symbolum" in Hertzog-Hauck, Realencyclop für Protest. Theol. und Kirche, 1901, bls. 59 v.v.

(b) **Justinus Martyr,** circ. 150 n.C. weerlê weer die **Joodse lasterstories** in sy gesprek met Trypho. **Justinus** wil hier verduidelik wat die betekenis is van wat Mattheus en Lukas bied (vgl. Mat. 1:23): „Die woord dan: Kyk die maagd sal swanger word, dui aan dat die maagd sonder gemeenskap te hê, sal ontvang; want as sy beken is deur enigiemand, sou sy nie meer 'n maagd gewees het nie, maar die krag van God wat oor die maagd gekom het, het haar oorskadu en haar in haar maagdskap laat swanger word."

Die negatiewe wyse waarop Justinus eksegetiseer, wys dadelik weer dat hy afgrensend optree teen die Joodse lastergerugte as sou Jesus deur 'n man verwek wees. Die evangeliese berig beteken juis dat die maagd nie deur bywoning (van 'n man) sal swanger word nie; want indien iemand haar toe genader het, was sy nie meer 'n maagd nie. Maar die **„krag van God"** het oor die maagd gekom en haar **„oorskadu",** sodat sy as maagd swanger geword het." Justinus gaan in sy weerlegging van die dwaalleer na die Skrif, na die LXX vertaling van Jes. 7:14.

**Die maagdskap van Maria word in bogenoemde sitaat nie minder as vyf keer onderstreep nie.** Wat in haar verwek is, het geskied deur die **dunamis.** In sy gesprek met TRYPHO gaan Justinus ook in op die „godeseuns van Zeus". Die evangeliese verhaal van die geboorte van Jesus Christus is geen parallel van die verhale van die Griekse heldefigure nie. Met hierdie „Religionsgeschichte" het dit geen verband nie. Die godeseuns van Zeus het uit erotiese menslike liefde tot die vroue gekom. Maar in die geval van die verwekking van Jesus Christus is daar geen dergelyke verhale nie.

(c) **Irenaeus:** Hy skryf gedurende die laaste helfte van die tweede eeu. In hierdie tyd het die gnosties-docetiese dwaalleringe nog voortgegaan. Teen 180 n.C. het die Klein-Asiatiese presbiter, die „Verfasser" van die „Arta-Pauli" in sy stryd teen die gnostiese leringe, die apostel Paulus laat optree as weerlegger van die leer van Simon en Kleobius. Hier word die feit van die vleeswording en bygevolg die **geboorte ontken**[18]).

Irenaeus verhaal in hierdie tyd van 'n sekere Cerynthus wat geleer het dat Jesus nie uit 'n maagd gebore is nie, maar dat Hy seun van Josef en Maria sou wees. Hy is gebore op dieselfde wyse as alle ander mense, met menslike vader en moeder, met die onderskeid dat Hy regverdiger en wyser as hulle is[19]). Irenaeus

---

17) **Just. Dial cum Trypho: 1, 33, 34 gesiteer deur Joseph Barbel: „Christos Angelos" Bonn 1941, bls. 241 v.v.**

18) **A. von Harnack: Lehrbuch. I, bls. 277.**

19) **Iren. Adv. Haer. I, 26, 1.**

vermeld verder dat Johannes, die dissipel van die Here, hierdie dwaalleringe van Cerynthus bestry deur sy evangelie (Joh. 1)[20].

Teenoor alle gnostiek en docetisme wil Irenaeus drie feite onderstreep, sodat Harnack selfs van die „**vere homo vere Deus**" by Irenaeus praat[21]).

(1) Jesus Christus is **werklik die Woord van God en God self.**

(2) Hierdie Woord het **werklik** mens geword.

(3) Hierdie Woord kan nie geskei word in die „Jesus" en die „Christus" soas Cerynthus dit wou doen nie. In hierdie samehang en teen hierdie agtergrond spreek Irenaeus van die maagdelike geboorte: I,10, 1 **eam quae est ex virgine generationem.** III, 12. **qui natus est ex Maria.** III, 16, 2. **ex Maria natus.** III, 21, 4. **qui ex virgine est Emmanuel.** V, 21, 1 **de muliere factus homo.**

Hier bely en aanvaar Irenaeus die maagdelike geboorte soos dit in Art. 3 van die Apostolicum staan: „**natus ex Maria virgine**". Dit is vir hom 'n feit. Dat dit vir hom **heilsfeit** is, blyk uit die „**qui ex virgine est Emmanuel**". In Hom is God met ons. Hy wat uit die maagd gebore is, is die Immanuel.

In die begin van die derde eeu staan Tertulianus teenoor sterk gnostiese strominge (bv. **De Carne Christi** I, 20) terwyl **Athanasius** (begin 4de eeu) nog steeds met hierdie ketterye asook die van die docete, te kampe het. **(De Incarnatione Christi, 18:1, 2, 3)**.

2. **Die Symbolus-Niceno-Constantinopolitum.**

„Ons glo . . . En in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader, voor alle eeue; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader; deur wie alle dinge gemaak is; wat ter wille van ons, mense, en ons saligheid neergekom het uit die hemel en vlees geword het uit die Heilige Gees **in die maagd Maria,** en 'n mens geword het . . . "[22]).

Hierin het die beslissinge van die eerste Eukumeniese Konsilie (Nicea, 325 n.C.) uitdrukking gevind. Dit is opgeneem in die **acta** van die eerste konsilie van Konstantinopel, (381 n.C.) Die terminologie: „van dieselfde wese met die Vader", „voor alle eeue", „waaragtige God uit waaragtige God", „gebore nie gemaak nie", dui duidelik op die stryd teen die Ariane. Op die ouere moontlike

---

[20]) Iren. Adv. Haer, III, 2, 1 en 2. Vgl. ook hier: **R. Bultmann:** Theologie des Neuen Testaments, Tübingen 1948, bls. 169. „Für die echte Menschheit Christi Kämpfen gegen die Gnostiker I Joh. 2, 22; 4, 2 en 15; 5, 1; 2 Joh. 7; I Joh. 5, 6.

[21]) **A. von Harnack:** Lehrbuch I, bls. 596 v.v. en **F. Loofs:** Leitfaden zum stadium der Dogmengeschichte, 4de uitgawe, Halle 1906. Bls. 143 v.v.

[22]) **Afrikaanse vertaling:** Kerkboek van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, waarin vervat is die berymde Psalms, die evangeliese Gesange en Belydenisskrifte, gebede en Formuliere van die Ned. Herv. Kerk van Afrika. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1952, bls. 199.

vorme waaruit hierdie simbool ontstaan het, die kwessie van herkoms en opsteller(s) gaan ons hier nie in nie[23]). Ons noem alleen drie stadia van hierdie simbool: Die oorspronklike **Niceense belydenis** (325 n.C.), die **offisiële Oosterse vorm** soas goedgekeur en hernu deur die Konsilie van Konstantinopel (381 n.C.), en finaal aanvaar deur die konsilie van Chalcedon (451 n.C.), en derdens: die offisiële Westerse vorm soas aanvaar deur Rome in die 19de eeu[24]).

Ook in die geval van die Symb. Nic. Const. moet ons dadelik opmerk dat hierdie simbool gerig is teen die gnostiese en docetiese dwaalleringe en verskeie vorme van Monargianisme waarvan laasgenoemde 'n subordinasie van Christus en die Heilige Gees aan die Vader geleer het en 'n „modalistiese" of „dinamiese" Triniteitsleer verkondig het, **(Sabellius** en **Paulus van Samosata**[25]). Die modalistiese monargiane het die **vere Deusleer** gehandhaaf ten koste van die **vere homo**leer. Die kerk het beide afgewys. Nou moes die kerk vanselfsprekend ook 'n leer gee wat die **vere Deus vere homo** reflekteer, sonder om sy Godheid óf mensheid te kort doen. Dit is gedoen te **Nicea,** 325 n.C.

Ons het in die voorafgaande opmerkings daarop gewys dat die maagdelike geboorte van Jesus Christus, veral vir **Ignatius, „geen geringe bewys van sy Godheid"** verskaf het. Waar Athanasius so 'n uiters belangrike rol speel in die stryd van die Sinode van **Nicea** (325 n.C.) teen **Arius,** is dit begryplik dat ook die maagdelike geboorte **indirek** in die gedrang kon kom. Dit is immers te verstaan dat waar dit vir **Nicea** gaan om die **homoousios** van die Seun met die Vader, dit wil sê om die Godheid van Jesus Christus, alle moontlike „bewyse" vir die handhawing van sy goddelike natuur ter sprake sou kom, waaronder **inter alia** die maagdelike gebooorte. Die gees van **Athanasius** is die gees van **Nicea** — dit wil die belydenis van die godheid van Christus „onverkort" uitspreek.

**Arius** het geleer dat die Seun nie **„agennetos"** is nie: Die Seun val in die lyn van die **„ktismata"**[26]). **Loofs** sê dan ook tereg: „Der Arianische Christus ist ein leidensfähiger Halbgott, der weder die **„auharsia"** noch die rechte Gotteserkenntnis zu vermitteln vermag"[27]). **Athanasius** in sy **„Orationes Contra Arianos"** praat duidelik van die **„homo ousios"** van die Seun en die Vader[28]). Die Sinode van **Nicea** het **Anathanasius** in die gelyk gestel.

---

23) Vgl. hier **Ph. Schaff,** a.w., I, bls. 24-29 en **A. van Selms:** Licht uit Licht" bls. 7 en 8.
24) **Briggs: C. A.,** Theological Symbolics. Uitg. T. en T. Clark, Edinburgh. 1914, bls. 83.
25) **Briggs:** a.w., bls. 83.
26) **Loofs:** Friedrich: Leitfaden zum Stadium der Dogmengeschichte. 4de Uitg. Halle, 1906, bls. 234.
27) **Loofs:** a.w., bls. 236.
28) **Loofs:** a.w., bls. 239.

’n Bybelse ondersoek toon sekere probleme aan in verband met die egtheid van die berigte oor die maagdelike geboorte by Mattheus en Lukas. **Di blyk hier egter dat die oue kerk in die tyd van Nicea, bewus of onbewus van hierdie probleme, hierdie tekste as kanoniek aanvaar en die maagdelike geboorte van Jesus op grond daarvan bely het.** Die kerk bely die geboorte uit die maagd Maria ook in hierdie simbool[29]). Jesus Christus is as gewone mens **gebore** maar nie as gewone mens **verwek** nie. Agter die gewone skuil die volstrek-ongewone, die wonder van God. **Deur hierdie leer, wat nie as ’n betekenislose mirakelverhaal tersyde geskuif kan word nie, beeld die kerk op die aller konkreetste wyse uit, dat die verlossing nie uit die wêreld opkom nie maar aan die wêreld geskenk word.** „Christus is nie die toppunt van die menslike ras nie, maar die dieptepunt van Gods neerbuigende genade. Ons het nie Christus geproduseer nie, maar God het Hom aan ons gegee”, sê **Van Selms**[30]). Sy geboorte is in ooreenstemming met die hele lyn van die Godsopenbaring: nie van die mens na God toe nie, maar van God na die mens toe. In die oue kerk is hierdie **liturgiese** element vir die dopeling wat sy Credo uitspreek, belangriker as die rasionele vraag oor wat deur mense as moontlik of onmoontlik aanvaar kan word. Hy is gebore **uit die maagd Maria**. **„Hy is nie uit Maria gebore omdat sy maagd was nie; omdat Hy deur die werking van die Heilige Gees verwek is, was Maria by sy geboorte nog maagd.** Die **Credo** noem haar die „maagd” Maria, om sodoende nog sterker die nadruk te lê op die bonatuurlike verwekking, nie om Maria te prys nie”[31]). Dat Hy **vlees** geword het, dui op ’n Christelike sin vir Bybelse realisme. Onder vlees word verstaan die mens as mens, in teenstelling tot God, wat Gees is. **Vlees** dui die mens aan **sowel** na sy liggaamlike as na sy psigiese sy. Die teenstelling lê vir die Heilige Skrif veel meer tussen vlees en Gees, die mens en God[32]). Die teologiese term **„inkarnasie”**, moet in elk geval nie in die letterlike betekenis van die woord — „ingaan” in die vlees — verstaan word nie. Volgens Johannes en die belydenis het die Seun self **vlees geword**, mens geword. Van hierdie mensheid van Christus mag niks afgedoen word nie, ook nie op grond van ’n vroom „gevoel” nie. Dit is waar dat die vorige eeu juis die godheid van Christus meermale geloën het. Die oervorm van kettery, soos ons dit reeds teegekom het, is egter dit: „Het mens-zijn van Christus is slechts onwezenlijke schijn geweest”[33]). So lui alle

---

29) A. van Selms: Licht uit Licht, bls. 79: „Op grond van het geen het Nieuwe Testament bij monde van verschillende schrijvers verhaalt, belijdt de Kerk de maagdelijke geboorte.”
30) A. van Selms: Licht uit Licht, bls. 80.
31) A. van Selms: Licht uit Licht, bls. 83.
32) A. van Selms: Licht uit Licht, bls. 48. So-ook Briggs, a.w., bls. 96.
33) A. van Selms: Licht uit Licht, bls. 85.

vorms van docetisme. Die agtergrond van hierdie kettery is die natuurlike heidendom, wat God in die eerste plek as „Sterke" wil vereer. In die mensheid van Christus sou hierdie mag verlore gaan; daarom moes sy mensheid slegs skyn gewees het (docetisme).

Na Nicea (325) het die leerstellige beroeringe egter voortgegaan, totdat keiser **Theodosius 381 n.C., die konsilie van Konstantinopel** saamgeroep het. Geen nuwe belydenis is opgestel nie; die Niceense is bekragtig en verskillende ketterye veroordeel[34]), te wete die **Eunomianisme, Arianisme, Semi-arianisme, Sabellianisme** (of modalisme), **Marcellianisme, Photinianisme** en **Apollinarianisme**. Die Triniteitsleer is duideliker gestel en die volle **homo-ousia** van die Heilige Gees word bely, asook die maagdelike geboorte[35]): „**Ter wille van ons saligheid** het Hy neergedaal uit die hemele en het Hy mens geword uit die maagd Maria." Die kerk bely die maagdelike geboorte in hierdie simbool nie alleen in ontologiese sin as feit nie, maar ook as heilsfeit; in soteriologiese sin. Vanuit die hemele, **van Bowe,** word die verlossing aan die wêreld **geskenk, ter wille van ons saligheid.**"

Die Latynse of Westerse vorm van hierdie simbool verskil met die Griekse vorm in die sin dat laasgenoemde nie die **Filioque** leer nie, welke leerstellige stryd ons egter nie hier behandel nie[36]).

Op die derde eukumeniese konsilie te **Efese (431 n.C.)** waar die Nestoriaanse skeiding van die twee nature-leer deur die kerk verwerp is, het die maagdelike geboorte nie as onderwerp in die diskussie gekom nie. (Ook **Nestorius** het die maagdelike geboorte aanvaar en selfs gewaarsku teen die verwerping daarvan[37]). Dit is gewoon as vanselfsprekende feit in soteriologiese verband aanvaar (as heilsfeit[38]).

Ook wat die **vierde eukumeniese konsilie** betref **(Chalcedon, 451 n.C.),** is die maagdelike geboorte gewoonweg aanvaar. In die afgrensing teen die monophysitiese leer van **Eutyches** is die belydenis van **Nicea, Konstantinopel** en **Efese** aanvaar[39]).

---

[34]) **C. A. Briggs:** a.w., bls. 86.

[35]) **Denzinger:** Henr. et Joh. B. Umberg: Enchiridion Symbolorum Definitionum et Declarationum de rebus Fidei et Morum. Editio 26. Uitg. Herder & Kie. Friburgi Brisgoviae, 1947.

[36]) Vgl. hieromtrent **Ph. Schaff,** a.w. I, bls. 26 en **C. A. Briggs:** a.w., bls. 35, 98, 125, 135, 201 en 251.

[37]) **R. Seeberg:** Textbook of the history of Doctrines, Vol. 1 en 2, bls. 263.

[38]) **H. Denzinger:** a.w., bls. 113.

[39]) **H. Denzinger:** a.w., bls. 148.

**KONKLUSIES:**

(1) Die omstandighede wat saamgeloop het om die noodwendigheid van simbole daar te stel, konsentreer om die volgende: **Doop** en **kategese, prediking** en **liturgie, ekshorsisme,** die **Christenvervolging** en die **polemiek teen ketterye.**

(2) Die oorspronklike mees verbreide belydenis is suiwer christologiese formules waarvan die maagdelike geboorte reeds by **Ignatius** 'n vaste deels is.

(3) In die ou Romeinse simbool (R) wat ten grondslag van die **Apostolicum** lê, lui art. 3: **Qui natus est de Spiritu ex (et) Maria virgine.**

(4) Art. 3 wil die **„alethōs"** van die vleeswording in sy realiteit onderstreep teenoor alle vorme van **docetisme, soos reeds die patres gedoen het.** So vlak na die Nuwe Testament klink hierdie terugkerende **„alethōs"** wel duidelik in **teen** die beskouing van die Bultmann van die 20ste eeu, vir wie die maagdelike geboorte geen **„alethōs"** kan inhou nie.

(5) Die swye van die res van die Nuwe Testament wat vandag as „probleem" gestel word, is hier geen probleem nie, omdat Mattheus en Lukas aanvaar word, beide deur die patres en die kerklike belydenis, **hier direk na die Nuwe Testament.**

(6) Dit het verder duidelik geword uit die aangehaalde sitate dat, behalwe Mattheus en Lukas, ook Paulus gesiteer word. Hierdie dubbele lyn, die evangeliese en Pauliniese, lewer vir die patres geen probleem van 'n „dubbele evangelie" nie, soas **Harnack** en andere baie eeue later wil problematiseer nie. Die patres bely die maagdelike geboorte op grond van Mattheus en Lukas se berigte, sonder dat dit vir hulle „tekskritiese" besware inhou.

(7) Ook die Symb. Nic. Const. is gerig teen gnostiese en docetiese dwaalleringe en sekere vorme van monargianisme, om so op die allerkonkreetste wyse uit te beeld dat die werklike Verlosser nie uit die wêreld opkom nie, maar aan die wêreld geskenk is.

(8) Jesus is nie uit Maria gebore omdat sy maagd was nie; omdat Hy deur die werking van die Heilige Gees verwek is, was Maria by sy geboorte nog maagd.

(9) Die **patres** en die kerk in sy belydenis van tyd tot tyd, het die maagdelike geboorte nie alleen as feit aanvaar nie, maar het daarin **heils**betekenis gevind. As soteriologiese feit verskyn dit **saam met die ander** christologiese heilsfeite as **deel van een geheel.** Dit word nie uit hierdie een verband gehaal om as 'n losstaande feit op besondere wyse geïnterpreteer te word nie. Op die vierde eukumeniese konsilie te Chalcedon (451 n.C.) is die maagdelike geboorte as heilsfeit **gewoonweg aanvaar.**